

BEROEPENUUS— 17 Nov. 2013**Beroepe ontvang**

Ds RA Bain van Cachet na Kimberley.
 Dr DJ de Kock van Krokodilrivier na Phalaborwa.
 Ds PT Masase van Promosa na Boskop.
 Ds DJ Bakker van Boksburg na Koster.
 Dr IW Ferreira van Rietvallei na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Missiologie.
 Dr RS Hobyane van Promosa na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Nuwe Testament met opdrag Grieks.
 Dr FP Kruger van Meyerspark na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Praktiese Teologie.
 Ds CJ Nagel [jr] van Nylstroom na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai.
 Ds SJMS Smit van Pietersburg-Noord na Heidelberg.

Beroepe bedank

Ds RA Bain van Cachet na Heidelberg

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

TINKINKIETAAL VAN TOTIUS—deur wyle prof. PW Buys (8) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Fluisterende Lirikus

Vir die vervulling van sy hoë roeping is Totius met 'n tinkinkie stem toegerus. Op skool het ons letterkunde-onderwyser na Totius verwys as die fluisterende lirikus. W. E. G. Louw tipeer hom as die "digter van innig-tere persoonlike elegiese liriek". Prof. G. Dekker maak gewag van die sagglansende ekspressiwiteit van sy poësie. Voorbeelde hiervan uit sy digwerk is daar ten oorvloede. Ek wil egter die aandag vestig op 'n aspek van Totius se poësie wat dusvêr nog nie veel kommentaar uitgelok het nie. Dit is sy voorliefde vir verkleinwoorde. By 'n herlesing van al sy versamelde gedigte het ek naderhand maar opgehou om die verkleinwoorde aan te streep -daar was te veel, veral in sy vroeër werk. Maar juis met die sagste fluisteringe, wanneer die verkleinwoordjies 'n baie sterk effek van knusheid en teerheid bewerkstellig, sê die digter die ontsaglikste, vlymskerpste dinge. Byvoorbeeld, in "vier maal gesien" is dit 'n "lief doringboompie" aan die "voetjies" waarvan die "grassies" doodgetrap word deur die "stoetjies". agter die manne met die baar, totdat daar 'n grootpad gaan. Dis alles mooitjies en fyntjies en soetjies soos dit net in tinkinkie taal gesê kan word. *Word vervolg*

*Vandag – Rhona Smit 0763990499	22/11– Paul Grobler 0721237049
Vandag – Sonica Steenekamp 0727481060	22/11– Michiel Venter 0837961601
Vandag – Johannes van Dyk 0834530969	23/11– Muriel Erasmus 0829371895
20/11– Chantelle Netto 0828118108	23/11– Nelie van der Kooi 0794645068
*20/11 Willie Prinsloo 0728257407	23/11– Deon Vosloo 0731539334
* Lidmate ouer as 80 jaar	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Daar is 'n baie groot verskil tussen die sagte man en die safte man – CJ Langenhoven


Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
 0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)
 E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287
 Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154
 Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
 012- 3233194
 Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
 Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
 Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
 Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

17 November 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)
 (Vorbereiding)

Skriflesing: Genesis 40

Teks: Genesis 40:23

Sing: Ps. 105:1,10; Ps. 45:3,4,5;
 Ps. 34:8; Ps. 68:3

KOP OPTEL

Baie van die dinge in Genesis 40 gaan oor kop-optel. Dit is nogal 'n uitdrukking wat 'n sentrale gedagte in hierdie hoofstuk is. In vers 13 staan kop-optel heel positief, hoe dit vir die skinker sal uitwerk. **13 Binne drie dae sal Farao jou hoof verhef—jou in jou rang herstel; en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.** Vir die bakker staan die kop-optel heel negatief. **19 Binne drie dae sal Farao jou hoof bo-oor jou verhef—hy sal jou aan 'n paal ophang, en die voëls sal jou vlees van jou af wegpik.** In werklikheid moet Josef kop-hou, kop kan optel, selfs wanneer ander nie kophou nie.

Hoe belangrik om by Nagmaal kop op te tel en weer mooi te dink waaroor dit werklik vir ons by hierdie Nagmaal en in ons lewens om gaan.

KATKISASIE— Katkisasie het afgesluit

TWEEDE EREDIENS— (10h30)
 (Bevestiging van 'n ouderling)

Skriflesing: Galasiërs 4:1-6;

Efesiërs 1:1-14

Nederlandse Geloofsbelydenis:

Artikels 8 en 9

Sing: Ps. 89:11; Ps. 2:4; Ps. 33:11;
 Ps. 134:4

GOD IS 'N DRIE-ENIGE GOD

God die Vader, God die Seun, God die Heilige Gees, word wel onderskei maar is nie drie gode nie. Tog mag die drie wat onderskei kan word nooit van mekaar geskei word nie.

Daar is een God en die een God wat Hom in sy Drie-eenheid openbaar is nie elk maar net 'n deel van God nie, maar in elk het ons met God te doen. In alles is Hy goed. Dit was al art 1 Nederlandse Geloofsbelydenis.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/l2P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
 0012- 3356130
 0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
 9 de Laan 880
 Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 14 en 16
 Ouderlinge: Flip Minnaar en Rudolf bester
 Diakens: Abrie Möller

Volgende Sondag (24/11) – Wyke 17 en 18

Ouderlinge: Frank Laubscher en Frikkie van Schalkwyk
 Diakens: Adrianus Coertze en Willem du Plooy

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Ann van der Merwe is met kanker gediagnoseer. Sy is tans nog in Steve Biko hospitaal. Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Sr Janet Rieker** het die dokter in Bloemfontein besluit dat "n operasie op die stadium nie nodig en nie raadsaam sal wees nie. Ons is saam met haar dankbaar vir die goeie nuus. **Sr Maria Grobler** het drasies verbeter. Ons is daaroor met haar gesin baie dankbaar en bid haar volkome herstel toe. **Br Phil van der Merwe** se gesondheid het baie verswak. **Sr Nakkie** spreek haar dankbaarheid uit teenoor almal wat in die swaar tyd soveel meelewing betoon. . Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekieprojek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer "n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

OOP GESPREK

Saterdag 23 Nov. 2013, vanaf 10h00 wil ons 'n oop gesprek reël waar ons as eerste tema gaan praat oor verassing! Die gedagte is dat die gemeente die Saterdag saamkom en na die tyd eet ons heerlik saam. Skryf asseblief u name op die kennisgewingsbord om te bepaal wie almal hier gaan wees vir die voorbereiding van die gesamentlike ete.

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Intand-houding
24/11/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Emeritaats-fonds
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetrugting
04/12	Skole sluit

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ETE NÁ NAGMAAL.

Soos verlede jaar wil ons met die laaste ete wat na Nagmaal aangebied word weer 'n bring-en-braai hou. Almal is baie welkom en ons kuier en eet as gemeente die Sondag heerlik saam.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 8:5-13

8:5-13, Die hoofman van Kapernaüm
8:5, kom daar 'n hoofman – Weerspreek dit nie Luk 7:2ev, waar gesê word dat 'n diens-kneg van die hoofman gekom het nie? Die kneg verteenwoordig sy meester in so 'n mate, dat dit is asof hy in eie persoon gekom het. Sommige verklaarders reken dat die hoofman nie noodwendig 'n Romein was nie, maar uit ander vreemde bevolking van die land.

8:6-7: Nog 'n verskil met Luk 7 is dat die hoofman 'n tweede boodskap gestuur het, waarmee hy sy geloof in Jesus se magwoord bely het. In die manier van dinge oorvertel gebeur dit oral maar dat dinge wat vertellers of skrywers van minder belang ag, uitgelaat word.

In Lukas word ook klem gelê op die besondere verhouding van die hoofman met die dienskneg, wat soos 'n seun in die huis behandel is. Hy was ook bekeer tot Israel se godsdienis en het selfs 'n sinagoge in die stad gebou.

Oor die besondere siekte is daar verklaarders wat van die bewoording aflei dat dit iets soos tetanus kon wees.

Ek sal kom – Die klem hier is nie op die daad, om te kom nie, maar op *Hom* wat kom – Die Here verhoor die versoek op 'n wyse wat Sy liefde en deernis toon.

8:8-9, ek is nie werd, ens – Die geloof in Jesus se Goddelike mag word bely. Soos hy as blote mens in sy gesag gehoorsaam word, het Christus mag oor die natuur en alle dinge. Wat Hy beveel sal gebeur.

8:10, verwonder – Dit is Jesus Self wat hierdie geloof inspireer. Daarom is die "verwonder" vir sommiges eerder om te *bewonder*. In Mark 6:6 staan dat Jesus Hom ook verwonder het oor die ongelooft van die mense in Sy vaderstad, Nasaret. Vir ander is dit weer 'n weergawe van Jesus se reaksie na Sy menslike natuur.

So 'n groot geloof – Dit is oor die algemeen bedoel van Israel, juis omdat baie net uit sensasie Jesus gevolg het. Tog word nie hierdie man nie, maar vissermanne en 'n tollenaar tot die Apostelskap verkies. So bv 'n Petrus en Thomas, wat selfs verwyf is oor hulle ongelooft. God ken Syne en weet wie die beste toegerus is en sal word vir hulle taak.

8:11-12, ooste en weste – Nie net inwoners van Israel is verkies nie. Die nageslag van Abraham is nie deur afstamming erfgename van die koninkryk nie. Die uitbreiding van God se genade na heidene was ook nie onbekend in die Ou Testament nie, bv in Jesaja 59:19; Jer 16:19; Sag 8:22; Mal 1:11.

uitgedryf word in die buitenste duisternis – Die "kinders van die koninkryk" wat uitgedryf sal word, is die ongelowiges uit Israel.

In 'n preek oor Openb 14 handel die derde punt oor die straf oor die goddeloses, dat hulle met vuur en swawel gepynig sal word, en dat daar geen rus sal wees nie. Dit is die buitenste duisternis waarteen Christus dikwels gewaarsku het. Totius verwys na die strawwe wat deur menslike howe versag word, en dat mense in hierdie trant ook God se strawwe wil versag: Hulle het "in hulle gedagtes ook die straf van die sonde verminder, van die sonde wat teen die hoogste majesteit van God begaan is."

Die opvatting oor die helse straf is gewysig of heeltemal ontken. Daarteen staan Christus se eie getuienisse van Mat 8:12; 9:44; 13:42. Soos daar ewige lewe is, is daar ewige straf. Nie meer ontferming of 'n Middelaar nie!

In Boek 6 van die Versamelde Werke, bl 385ev is Totius se deeglike uiteensetting van wat die hel werklik in al sy verskrikking is.

8:13, vir die hoofman – Weereens is dit nie direk vir die hoofman nie, maar aan sy boodskappers gesê (Luk 7). Dit is so goed as direk aan hom gesê.

8:14-17, genesing van Petrus se skoonmoeder
8:14, huis van Petrus – Jesus was in die sinagoge (Mark 1:29-34; Luk 4:38-41) en daarna het hulle in Petrus se huis gekom. Daar word Hy gevra om na haar te kyk.

8:15, haar hand aangeraak – *Die oplê van hande was in hierdie en ander plekke nie altyd by ampsgewing nie, soos by genesings. Calvyn het daarop gewys dat daar geen vaste gebod daaroor is nie. By bevestiging in ampte was dit die gebruik, en daar kan dit soos 'n bevel gelees word. Tog is daar die gevaar van bygelowigheid en selfs bespotting, waar dit die gebruik is.*

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

8 Nov. 1920– Dr. Abraham Kuyper oorlede; 8 Nov. 1697– Stellenbosch word aangelê; 10 Nov. 1482– Martin Luther gebore; 10 Nov. 1858– Dirk Postma kom op Rustenburg aan; 10 Nov. 1864– Oprigting van eerste kerk-skool Rustenburg; 12 Nov. 1780– Piet Retief gebore; 15 Nov. 1855– Pretoria word aangelê; 17 Nov. 1497– Vasco de Gama ontdek die Kaap; 19 Nov. 1857– Dirk Postma as afgevaardigde na ZAR benoem; 20 Nov. 1841 – Ring van Graaff-Reinet keur die herderlike brief goed; 23 Nov. 1900– Koningin Wilhelmina verwelkom pres Kruger by sy aankoms in Parys; 25 Nov. 1838– Andries Pretorius gekies as leier van die Trek; 28 Nov. 1916– Pres MT Steyn oorlede; 28 Nov. 1987– SA Helderberg stort in die Indiese oseaan; 29 Nov. 1869– Oprigting van Teol skool in Burgersdorp; 29 Nov. 1838– Prof. J Lion Cachet gebore; 29 Nov. 1894– Toon v/d Heever gebore